SAKE 24 (Beeld)
12 Sep 2012, p.20

KITSBANKE

Meer geld getrek in Augustus

Niel Joubert

Johannesburg. – Heelwat meer geld is verlede maand by kitsbanke getrek as 'n jaar tevore, maar op 'n maandgrondslag was die gemiddelde onttrekking wéér minder as die vorige maand.

Die Spark-kontantindeks, wat die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings by meer as 1 800 kitsbanke landwyd meet, het op 'n jaargrondslag met 7,21% toegeneem, van R405,69 tot R434,93.

Dit is die hoogste jaarlikse groei sedert die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010.

Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems, sê 'n kombinasie van faktore kon 'n rol hierin gespeel het. Die uitwerking van die rentekoersverlaging van 0,5 persentasiepunt in Julie het dalk nou begin deursyfer en verbruikers se besteebare inkomste verhoog, sê hy.

Sternberg sê die gemiddelde kontantonttrekking in boerderygebiede landwyd het verlede maand met 20,4% op 'n jaargrondslag toegeneem.

Vergeleke met die vorige maand lyk die prentjie heeltemal anders. Verlede maand is gemiddeld 0,14% minder geld onttrek as in Julie. Dit is die tweede opeenvolgende maand dat dit daal.

Ronel Oberholzer, ekonoom van IHS Global Insights, sê dit wek kommer en wys dat verbruikers toe steeds onder druk was. "Die waarskynlikste rede vir die daling is 'n toename in munisipale heffings vir water, belasting en elektrisiteit in Julie wat oorgespoel het na Augustus, sowel as stygende winterpryse vir elektrisiteit in die twee maande."

Oberholzer sê die verhoging van 22c per liter petrol op 1 Augustus het begrotings verder onder druk geplaas en verbruikersentiment laat verswak.

Die volgende paar maande sal onttrekkings op 'n maandgrondslag dalk in 'n stadiger pas toeneem of selfs afneem, sê sy.